IRMA ELOFF

BA (NWU); HED, BEd (Psych) (cum laude), MEd (Psych) (cum laude) (Pretoria);
PhD (Stellenbosch)

Prof Irma Eloff is ’n professor in Opvoedkundige Sielkunde by die Universiteit van Pretoria. Sy is ’n voormalige dekaan van Opvoedkunde by UP en was die eerste vrou wat die posisie beklee het. Sy was ook besoekende en gas-professor by Yale Universiteit, die Universiteit van Wisconsin-Milwaukee, Rhodes Universiteit, Universität Innsbruck, Bath Spa Universiteit in Brittanje en Fordham Universiteit in New York. Sy is ’n gegradeerde navorser by die Nasionale Navorsingstigting (NNS) en ’n geregistreerde sielkundige. Sy het aan die universiteite van Pretoria, Stellenbosch en Noordwes studeer.

In 2012 is sy in die kategorie Onderwys as een van die drie Invloedrykste Vroue op Sakegebied en in die Regering in Suid-Afrika aangewys. Sy is outeur en redakteur van ses boeke en meer as 70 wetenskaplike artikels en akademiese boek-hoofstukke. Sy is tans Voorsitter van die Raad van die *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.* Sy is ’n voormalige president van die Opvoedkunde Vereniging van Suid-Afrika en ook lid van die *Academy of Science of South Africa* (ASSAf).

Tydens haar termyn as Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde is Opvoedkunde by die Universiteit van Pretoria deur die ‘QS World University Rankings’ onder die top 200 in die wêreld geplaas in vyf agtereenvolgende jare.

Sy is getroud met Danie Eloff en die ma van twee seuns, Daniël en Rohann. Sy is lief vir die Oos-Kaap waar sy gebore is. Sy het groot geword in Krugersdorp.